## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

| | |
|---|---|
| 27 Junie | **Anna Havenga,** Weltevrede 34, De Land Estate, ☎ 072 404 5845. Wyk 5 |
| 30 Junie | **Salome Kruger,** Rivierpark 18, ☎ 072 737 2235. Wyk 11 |
| 1 Julie | **Pietro Drijfhout,** Koepelsig 21, ☎ 082 894 7848. Wyk 3 |
| | **Herman Henderson,** Vineystraat 13, ☎ 082 924 0620. Wyk 7 |
| 2 Julie | **Jasper Dreyer,** Bloemstraat 14, ☎ 082 801 7622. Wyk 20 |
| | **Hennie Kruger,** Rivierpark 18, ☎ 082 655 6208. Wyk 11 |
| | **Riekert van Lith,** Louis Leipoltstraat 10, ☎ 082 383 3130. Wyk 9 |
| 3 Julie | **Marie du Preez,** Carpe Diem 73, ☎ 082 771 6790. Wyk 9 |

## Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

## DIAKONIE SE KOSKAS is baie leeg

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit saam kerk toe.**

Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottel-goedseep, toiletpapier. ***Baie dankie vir u ondersteuning***.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 23 Sondag 27 Junie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:** Ouderling van wyk 13 **Pieter Glöy** en wyk 14 **Chris van Ryssen.**
Diakens: Wyk 13 **Quintin Venter** en wyk 14 **Benjamin Boersema.**

## EREDIENSTE Beide eredienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**OGGEND: Woordbediening:** Prediker 7:1-29 (AFR'20).
**Fokusverse:** Prediker 7:13.
**Tema:** Bedink die werk van God – ook dit wat Hy krom gemaak het.
**Sing:** Psalm 145:1, 2, 3, 4, 10; Psalm 139:6, 12; Psalm 138:4; Psalm 86:4, 5; Psalm 46:1, 4.

***Erediens 18:00***
**Woordbediening:** Efesiërs 4:17-5:5 (AFR'20).
**Fokusverse:** Efesiërs 4:20-24, 28.
**Belydenis:** Heidelbergse Kategismus, Sondag 42.
**Sing:** Psalm 24:1, 2; Psalm 119:6; Psalm 62:1, 7, 8.

**Woordbediening** by Huis Eikelaan om 15:30 word waargeneem deur **ds Fanie Coetzee.**

**U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die ere-dienste u maskers te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.**

**Kollektes vanoggend:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir **Christelike Onderwys** in die rooi sakkies.
**Vanaand:** *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

**Huisbesoeke deur die Woordbedienaars:**
In hierdie tyd wat prof Callie en ds Jannes hulle huisbesoeke moet beperk tot "noodgevalle", word lidmate versoek om ons asseblief op hoogte te hou van enige sodanige gevalle. Prof Callie en ds Jannes werk sistematies deur die wyke wat aan hulle sorg toevertrou is. Indien u behoefte het om vroeër deur hulle besoek te word, kontak hulle asb onverwyld en met vrymoedigheid. U sal geakkommodeer word.

**Wet op beskerming van persoonlike inligting (POPI-wetgewing)**
Daar sal volgende week in die Kerkwerf 'n toestemmingsbrief wees (dit sal ook per e-pos versprei word) waarin u skriftelik toestemming moet gee dat u persoonlike inligting – soos wat dit tans in die gemeente op verskeie wyses gebruik word – voortaan nog so gebruik mag word. U word versoek om toe te sien dat u voor Woensdag 30 Junie 2021 só 'n toestemmingsbrief voltooi en onderteken het. Dit sal van Donderdag 24 Junie af beskikbaar wees.

## LIEF EN LEED



Ons volhard in ons voorbidding vir ons broers en susters:

**Magda Opperman 082 742 5960** het geval en haar gewrig gebreek. Sy moes 'n operasie ondergaan en ons bid haar krag toe vir die herstelproses.

**Miriam Coetzee** is die afgelope week uit die hospitaal ontslaan, en is nou opgeneem in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons is dankbaar vir beterskap en ons bede is dat sy in haar nuwe tuiste gelukkig sal inwoon.

**Marian Roscher** 082 925 8432 se oogoperasie in Pretoria het suksesvol verloop en sy sterk tuis aan. Ons dank die Here vir sy groot genade.

**Susan Coetzee** is die afgelope week gediagnoseer met gordelroos in haar oog. Dit is ons gebed dat ons Vader die behandeling wat Susan ontvang, ryklik sal seën.

**Ds Leo van Schaik** 082 652 5520 se seun **Johan** is gediagnoseer met Covid, nadat sy vrou en hulle dogtertjie ook vroeër siek was. Ons bid vir spoedige beterskap.

**Elsie Buys** is siek met brongitus en longontsteking.
Ons bid haar 'n spoedige herstel toe.
Ons betuig innige meegevoel met **Sarel van der Westhuizen** wie se skoonsuster Sondagnag oorlede is nádat sy en Sarel se broer deur gifgas oorval is. Ons bid die familie ryke vertroosting toe.

**Johan Coetzee** se pa, **Lewies Coetzee**, wat tot onlangs nog lidmaat van ons gemeente was, is Woensdagaand oorlede nadat hy ernstige hartprobleme en ook Covid opgedoen het. Ons betuig ons innige meegevoel aan Johan en sy gesin asook aan al die familie en dierbares van Lewies. Mag ons troue Verbondsgod sy ryke vertroosting gee. Die begrafnis vind DV Vrydag 2 Julie om 14:00 by die GK Sannieshof plaas.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Marian en Clarine Roscher.**

Marian se eksman en Clarine se pa, **Chester Roscher**, is Vrydagoggend vroeg skielik in Klerksdorp oorlede. Hy was ook vroeër lidmaat van ons gemeente. 'n Suster van Chester is ook die afgelope week oorlede. Mag ons hemelse Vader vir Marian en Clarine toevou in sy liefde en hulle baie ryklik vertroos.

## DAGBOEK

### Katkisasie

Ons katkisasiewerksaamhede hervat weer ná die wintervakansie. Ons doen in hierdie tyd voorbidding vir al ons jongmense wat besig is met eksamen. Mag die Here julle helderheid van verstand gee en liggaamskragte om hierdie eksamenseisoen tot eer van sy Naam deur te sien!

**BYBELSTUDIES:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Do | 24/6 | 18:30 | Virtueel | Kontak prof. Paul Krüger<br>076 993 3775 of Frieda Theron<br>078 324 5267 |

**Attestate:**
Met attestaat vertrek na die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar:
**Bernhard Marten Boersema.**

**KERK-EIENDOMME Aan Danie Stoop en sy kommissielede 'n woord van hartlike dank en waardering met die beplanning, bespreking en deurvoer van die kerk se omheiningsprojek. Baie geluk met die groot taak wat nou afgehandel is.**

**Die spesiale kollektes in Junie/Julie 2021 gaan vir:**

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | 27 Junie | **Christelike Onderwys** |
| Sondag | 4 Julie | Bybelverspreiding |
| Sondag | 11 Julie | Klassis Potchefstroom Sustentasiekas |
| Sondag | 18 Julie | Trans Oranje Instituut |
| Sondag | 25 Julie | Teologiese Studentekas |

## Die Kerkblad

Die Kerkblad het met 'n grootskaalse bemarkingsveldtog begin om die blad bekend te stel en nuwe intekenare te werf. Vir lidmate wat nie ingeteken is nie, is daar gratis kopieë van die jongste en vorige uitgawes beskikbaar by die deur naaste aan die saal. Daar is ook gratis kopieë in die saal beskikbaar vir lidmate wat die diens in die saal bywoon.
U kan gerus 'n kopie neem en ons vertrou dat meer van ons lidmate dan sal inteken. U is ook baie welkom om met my of **Piet Aartsma** 083 532 9308 te skakel, wat aangebied het om as skakelpersoon van ons gemeente op te tree.
Intekening kan by die Administratiewe Buro gedoen word, of u kan met my skakel by 082 337 7951 **Prof Callie**.

## Bybelverspreiding:

Geliefde gemeente, U hulp word benodig!
By die kollektesakkies sal u die bybelverspreiding-houertjies vind. Neem gerus een of twee saam huis toe. Die Pil-houertjies kan gevul word met **R2-munte** en die karton silindertjies is vir kontant-donasies. Sodra die pilhouertjie tot bo vol is, borg u 'n Bybel! Die houertjies kan in die kollektesakkies gegooi word of u kan dit aan Benjamin Boersema oorhandig. Kontak hom gerus vir meer houertjies of enige navrae. Selfoon: 071 382 4620 OF e-pos: benjaminboersema@gmail.com



Geopende Deure

# FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

**Streek:** Midde Ooste **Meerderheidsgeloof:** Islam.
**Bevolking:** 34 710 000
**Christelike bevolking:**
1 200 000 na raming Christene in die land.

## SAOEDIE-ARABIË

Die meerderheid Christene in Saoedi-Arabië is werkers vanuit die buiteland. Die meeste kom vanaf lae- of middelvlak-inkomstelande in Asië en Afrika, maar daar is ook gelowiges van die Westerse wêreld. Buitelandse Christene word ernstig beperk wanneer dit kom by die deel van hul Christelike geloof met Moslems en om bymekaar te kom vir aanbidding, wat ook die gevaar van aanhouding en deportasie inhou. Gevolglik is buitelandse werkers geneig om stil te bly oor hul geloof.
Die paar Saoediese Christene vanuit 'n Moslemagtergrond staar selfs meer druk in die gesig, veral van hul families. Buitelandse Moslems wat na die Christelike geloof bekeer, ervaar ook skerp vervolging, gelykstaande aan die vlakke wat hulle in hul tuislande sou ervaar. Ongeag of hulle van Saoedi-Arabië of ander lande is, die meeste bekeerlinge word gedwing om hulle geloof in die geheim te beoefen.
Nietemin het die klein aantal Saoediese Christene stadig begin vermeerder. Hulle word brawer en deel hul geloof met ander op die Internet en Christelike satelliet TV-kanale. Sulke openbare aksies het tot ernstige nagevolge deur Saoedi-families en die owerhede gelei.

### Bid vir Saoedie-Arabië

- Bid dat die Here sal voortgaan om die Internet te gebruik om gelowiges te versterk, te verenig en die Saoediese Kerk te laat groei.
- Bid dat die Here Homself aan beide Christene en nie-Christene in drome en visioene sal openbaar.
- Bid vir die beskerming van alle Christene in Saoedi-Arabië, en vir hulle om volgehoue wysheid en onderskeidingsvermoë te kry namate hulle Jesus volg en hul geloof met ander deel.